

## Sing vooraf staande: Psalm 100:1-4 (p. 494)

- 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER! / Dien God met blydschap, gee Hom eer;  
kom nader voor sy aangesig, / en prys Hom met 'n lofgedig!
- 2 Die HEER is God, erken dat Hy / 'n eie volk vir Hom berei,  
'n volk om Hom te dien en vrees / en skape van sy wei te wees.
- 3 Gaan deur sy poorte in met lof, / met lofsang in sy tempelhof;  
kom in sy huis, o bondsvolk, saam; / verhef sy lof en prys sy Naam.
- 4 Want goedertieren is die HEER; / sy goedheid eindig nimmermeer;  
sy trou en waarheid hou hul krag / tot in die laaste nageslag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 119:11 (p. 588)

- 11 HEER, leer my u wet dat ek dit / tot die einde toe kan hou;  
gee verstand en gee volharding, / dan bly ek daaraan getrou.  
Laat my leef na u bevele – / niks wat my so kan behaag.  
Neig my hart daartoe, maar nimmer / om na woekerwins te jaag.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

## Skrifberyming 9-1:11 (26:11)

- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrew, / genade is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

## Psalm 18:11 (p. 75)

- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.  
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;  
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,  
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.

Skriflesing: Jona 1 en Handeling 27

Teks: Jona 1:12c; Handeling 27:24

**... want ek weet dat om my ontwil hierdie groot storm oor julle gekom  
het.** (Jona 1:2c AFR53)

**Moenie vrees nie Paulus, Jy moet voor die keiser staan, en kyk, God  
het aan jou geskenk almal wat saam met jou vaar.**  
(Handeling 27:24 AFR53)

In laas week se preek het ons aandag gegee aan Jona wat met sy roekelose  
roepingsversaking 'n hele klomp mense saam met hom in die toorn van die Here laat  
beland het.

Vandag kyk ons na die toorn van die Here wat die soldate se bevelvoerder ingehaal het  
omdat hy hom aan God se openbaring nie gesteur het nie en daarom baie mense saam  
met hom in konfrontasie met God gebring het.

Vanoggend se preek behandel Paulus se optrede onder die bepaalde omstandighede. Die tema van vanoggend se preek is:

*'n Regverdige mens bring ander saam met hom in God se genade in.*

Let op na die volgende aspekte daarvan:

- 1. Verantwoordelikheid en geloof**
- 2. Onverantwoordelikheid en rekenskap**
- 3. Verantwoordelikheid en geloofsbelydenis**

### **1. Verantwoordelikheid en geloof**

Ons moet onthou dat die Here met Paulus op pad was na Rome toe waar Paulus voor die keiser moes gaan getuig van Jesus Christus.

- Die getuienis van die Here moet egter nie net in Rome gehoor word, so asof dit die enigste plek is waarvandaan die Woord gehoor en verkondig kon word nie.
- Die Here se genade was ook oopgesprei oor die mense wat saam met Paulus gereis het en met wie hy almal op pad te doene gekry het.
- Dit is waar hierdie geskiedenis van die storm en die verwoesting van die skip inpas.

Eerste maak die Bybel dit duidelik dat die mense van daardie tyd almal geweet het dat skeepvaart gedurende die wintermaande baie gevaarlik was (v. 9, 12).

- Daarom het die skeepslui gedurende die wintertyd iewers in 'n veilige hawe gaan oorwinter en dan in die lente verder gereis.
- Vers 7 beskryf ook dat die reis waarop Paulus-hulle was, al hoe moeiliker geword het, en dat hulle uiteindelik met moeite by Mooi Hawens aangekom het.

As mens die stuk lees, is daar tog iets wat jou laat vermoed dat die Here deurentyd met die bemanning, en dan veral met die bevelvoerders, gewerk het.

- Ons lees byvoorbeeld in vers 3 dat Julius, die bevelvoerder onder wie se gesag Paulus geplaas was, Paulus losgeboei het, en toegelaat het om sy vriende te gaan besoek. Die vraag is: Waarom? Soldate het daardie tyd nie sulke dinge gedoen nie.
- Daarna lees ons dat Paulus aan hulle vertel wat God aan hom geopenbaar het, naamlik dat hulle nie verder moet vaar nie, want daar wag 'n groot ramp op pad.
  - Hulle gaan skade ly aan die vrag en die skip en hulle lewens gaan in gevaar wees.
  - Die bevelvoerders het deeglik hiervan kennis geneem, want hulle het Paulus se advies opgeweeg teen dié van die eienaar van die boot en van die stuurman.
  - U moet nie dink dat die feit dat Paulus se advies nie aanvaar is nie, dit geen gewig gedra het nie.

Dit is opvallend dat die woord wat Paulus gebruik as hy sê dat daar skade oor hulle gaan kom, nie die gewone woord vir skade is nie.

- Dis 'n woord wat beteken dat jy skade kry omdat jy moedswillig die verkeerde ding gaan doen het.
- Dit lyk dus asof Paulus die manne taamlik skerp aangespreek het.
- Miskien verklaar dit waarom die hoofman hom gewip het en dalk uit verergdheid eerder na die skeepseienaar en die stuurman geluister het.

## 2. Onverantwoordelikheid en rekenskap

Die wind begin toe ook net gunstig te waai en dit het die manne finaal oortuig om te vaar. Maar, presies soos wat met Jona gebeur het, gebeur dit ook hier.

- Die Here wag hulle in.
- Meteens skeer daar 'n verwoestende seestorm op hulle af – Paulus noem dit die Euroklidon.
- Menslik probeer hulle alles, maar hulle is in 'n totale onvermoë om enige iets te doen.

Later dryf hulle maar net weg in hulle verlorenheid, want hulle het toe al dae lank geen sterre gesien dat hulle hoegenaamd kon weet waar op die aarde hulle was nie.

- Daardie jare was die sterre nog hulle kompas.
- Die toestand teken natuurlik die mens in sy verlorenheid wanneer hy nie vir die Here wil luister nie.

Op daardie oomblik soek die Here die skip en sy mense weer op in sy liefde.

- Daar was daardie nag 'n engel van die Here wat aan Paulus verskyn het.
- Hy openbaar die beskikking van die Here met die boot en sy passasiers aan Paulus.

Let nou op hoe stel Paulus dit bekend.

- Eerste sluit Paulus aan by wat die Here aan hom geopenbaar het voordat hulle van Kreta af weg is.
  - Toe wou hulle nie luister nie, en nou het die skade en gevaar waarteen hy hulle gewaarsku het, hulle ingehaal.
- Dan kom die nuwe Godsopenbaring.
  - Die manne het goed verstaan dat Paulus bedoel dat hulle nou in die moeilikheid is omdat hulle nie na die Here wou luister nie.
  - Die Here bied hulle weer 'n geleentheid om te luister na wat Hy sê.
    - *Weer is die genade van die Here sterk op die voorgrond.*
    - *Paulus sê dat hulle moet moed hou, want niemand van hulle gaan sterf nie.*
    - *Hulle moet egter weet dat die skip vernietig gaan word.*

*Dis 'n baie merkwaardige aankondiging, want dit was juis die skip waarop hulle so vertrou het nadat hulle met die eienaar en die stuurman gepraat het, wat die deurslag gegee het dat hulle besluit het om verder te vaar.*

- Dis nou presies die ding wat die Here wegvat.
- Die skip gaan verwoes word, want die Here het die vermoë om mense uit die see te red sonder 'n goeie skip.

Paulus vertel vir hulle dat daar 'n engel van God by hom was. Maar dan stel hy God aan hulle bekend:

**... die God aan wie ek behoort, wat ek ook dien.** (Handelinge 27:23 AFR53)

- Dadelik gaan die manne vra: Wat soek die engel van God in hierdie verskriklike storm?
- Paulus antwoord: Moenie vrees nie, want die Here gaan sorg dat ek voor die keiser staan. Maar Hy sê ook dat julle almal op die boot aan my geskenk word.

Die laaste woorde het natuurlik 'n dubbele betekenis. Paulus het dit geweet.

- Dit het in die eerste plek beteken dat nie een van die mense op die skip sal verdrink nie.
- Maar in die tweede plek beteken dit ook dat almal op die skip die Here gaan gehoorsaam.

Daarmee word die doel van hierdie reis ook openbaar gemaak.

- Paulus leer dat die Here met hom op pad is na die keiser toe.
- Daar is geen rede vir vrees nie, want omdat Paulus gered word, word almal saam gered.

### **3. Verantwoordelikheid en geloofsbelydenis**

Kyk nou na Paulus se vroomheid, want dit is belangrik om dit raak te sien.

- Toe hy alles gesê het wat die Here vir hom gesê het, toe bely hy sy geloof daar voor almal.
- Dit moes 'n diep indruk op almal gemaak het, want die wind skreeu en die golwe slaan oor hulle, en dis donker. Sover enige mens kan sien, is daar geen hoop op redding hoegenaamd nie.
- Tog hoor almal baie duidelik hoe Paulus sê: Ek glo dat dit sal wees soos God vir my gesê het.

Nou sien u die verskil tussen Paulus en Jona.

- Jona sê: Gooi my oorboord as julle gered wil word.
- Paulus sê: Soos God sê, so sal dit wees. En God het gesê dat my lewe en julle lewens gespaar sal word.

*Paulus se voorbeeld vertoon dat jy nie een oomblik uit jou roeping padgee as die Here jou roep nie. Jy glo onwrikbaar in God se opdragte en sy beloftes – al is die storm rondom jou hoe kwaai ook al.*

Die Here het nie na sy tweede stel beloftes die storm sommer dadelik maklik gemaak nie.

- Paulus praat daarvan dat die soldate die veertiende nag eers agtergekom het dat hulle naby land is.
- Daar word dus 'n duidelike toets aangelê om te sien of die manne aan hierdie geloof gaan bly vashou.
- Die matrose het nog eers beplan om met die sleepbootjie te ontsnap en die soldate en die gevangenes te laat verdrink.
- Maar op Paulus se bevel het die soldate dit verhoed. Hulle het die sleepbootjie afgekap, sodat almal verplig was om net daar op die boot te bly.

Daarna het Paulus brood geneem, en nadat hy gedank het, het hy dit gebreek en begin eet (v. 35, 36).

- Hy maak dus sy liggaam sterk sodat hy diensbaar kan wees wanneer die Here hulle red.
- Almal het moed gevat en saam geëet.

Toe was daar nog die laaste aanslag op Paulus se lewe toe die soldate die gevangenes wou doodmaak,

- maar die owerste oor honderd het die soldate gekeer – baie uitdruklik vermeld die Bybel dat dit was omdat die man Paulus se lewe wou red.

- Daarna swem party en ander dryf uit op wrakstukke, maar al tweehonderd ses en sewentig (276) passasiers is gered.

*So maak die Here sy beloftes oor almal waar – ter wille van sy apostel Paulus wat nog eers die evangelie voor die keiser moes gaan verkondig. Daarby moet ons die rol van Paulus in die standvastigheid van sy geloof ook nie miskyk nie.*

Uiteindelik is die rol van Paulus heeltemal verskillend van dié van Jona.

- Jona se skeepsgenote kom tot geloof maar sonder hom.
- Paulus en sy manne dank God saam terwyl die storm nog woed – en dan staan hulle later almal saam op die sand rondom die vuur wat hulle warm maak.

So het Jesus Christus ook sy kerk voorgeloopt in hulle verlossing. Maar met 'n baie groot verskil as ons dit sou meet teen Paulus se ervaring.

- Paulus is gered, maar Christus is nie gered nie.
- Jesus moes sterf – sodat Paulus en almal wat in die geloof volhard soos hy, gered kon word.
- Daar was nie vir Jesus die genade dat hy kon bly lewe om later met sy roeping verder te gaan nie.
- Hy moes sterf om later, na sy dood en opstanding, in die hemel plek reg te maak vir ons.
- En dat hy ook na sy hemelvaart vir ons voorbidding doen by die hemelse Vader.
- Alles is vir ons onberekenbare groot genade, maar vir Christus het dit beteken dat Hy moes sterf as Hy dit vir ons wil gee.

Jesus se volharding was tot redding vir ons almal wat onbevrees en sonder om te twyfel in Hom bly glo.

- Dit word nogal in die klein afgebeeld in die gebeurtenis met Paulus wat almal wat saam met hom was kon versterk deur sy geloof in die beloftes van die Here.
- Soveel dat ter wille van sy vroomheid die Here die ander ook gespaar het.

Nou moet u dit in gedagte hou dat hierdie Jesus van die kruis ons almal binnekort aan die Nagmaaltafel gaan hê het waar Hy ons geloof weer gaan versterk.

- Daarom het ek en u die plig om in die krag van hierdie geloof getrou te wees aan die Here sodat daar van ons af ook 'n getuienis na die ander mense toe kan uitgaan.
- Sodat, as die Here wil, daar ook deur ons volharding en eerlikheid, ander rondom ons gered kan word wanneer hulle ons volg in aanbidding en vertrou op die Here Jesus Christus.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 68:10 (p. 335)

- 10 Gewis, hoe hoog die nood mag gaan, / God sal die vyandskop verslaan, / die skedel so doemskuldig wat God se heiligheid wou tart, / en daar hy in die kwaad volhard, / sy skuld vermenigvuldig.  
Die HEER het self ons toegeseg: / "Ek sal deur mag en wyse oorleg / uit Basan jul vergader; wanneer jul deur die diepte tree, / dan sal geen golfslag van die see / jul veil'ge voetstap nader."

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**

**Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 9 Maart 2003**

**Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum: 3 November 2013**

*\* Hierdie is een van twee preke wat saam gepreek is op Sondag 24 Mei 1992 te Kempton Park. Die een is Handeling 27:24 en die ander een is Jona 1:12c. Ek het hierdie preke "oorgemaak" en weer gepreek in Bellville op 9 Maart 2003. Die preke is later weer in Clanwilliam gepreek. Hierdie preek op 3 November 2013.*